JAKARANDA LIGGIEFEES 1-31 Desember 2016

ALGEMENE VOORWAARDES EN REËLS VIR STALLETJIES

1. SLUITINGSDATUM

Aansoeke vir stalletjies open op **1 Julie Jaarliks**. Aansoeke moet voor of op **1 September Jaarliks** ingedien word. Aansoeke wat laat ingehandig word sal nie oorweeg word nie.

SLEGS JAKARANDA & LOUIS BOTHA KINDERHUISE PERSONEEL

*Daar sal van verwag word om 'n voorlegging met 'n **volledige beplanning** en **DETAIL begroting** in te handig voor of op 1 September Jaarliks by die, organiseerder van die fees. Indien u aansoek nie voor of op die datum ingehandig is nie **SAL U AANSOEK NIE OORWEEG WORD NIE. GEEN UITSONDERINGS SAL GEMAAK WORD NIE !!***

U begroting moet die volgende inligting bevat:

a. *Waar kom die oorspronklike kapitaal (geld) vandaan om u produkte aan te koop ?*
b. *Indien die oorspronklike kapitaal uit u huisfonds kom, het u begroot vir fondsinsamelings projekte vir die huidige boekjaar en hoeveel het u begroot ?*
c. *Indien 'n donateur die geld of produkte skenk, wie is die donateur (detail) ?,*
d. *Gaan daar winsdeling plaasvind ?, wat verwag die donateur in ruil vir die donasie ?*
e. *VOLLEDIGE lys van uitgawes vir die volle duur van die fees/fondsinsamelingsprojek.*
f. *HEG ALLE KWOTASIES AAN U AANSOEK*
g. *Beoogde/potensiele inkomste moet wiskundig bereken word tov van aankope/uitgawes en verkoopprys van produkte.*
h. *Wat is die persentasie uitgawe tenor die beoogde inkomste ?*

*U **beplanning** moet die volgende inligting bevat.*

a. *Mannekrag beplanning per dag (**diensrooster** van persone wat u stalletjie gaan beman vir elke aand)*
b. *Indien u self in die stalletjie gaan werk moet u aansoek u eie AMPTELIKE WERK ROOSTER bevat, en ook watter alternatiewe plan u met die kinders onder u toesig gemaak het.*
c. *U beplanning moet ook u produkte lys bevat*
d. *U beplanning moet ook u toerusting lys bevat soos bv. braaiers, hotplates, urns, gas toerusting, tafels, tafeldoeke, bemarkings material, dekor, "waste management" plan.*
e. *U toerusting lys MOET die volgende insluit*
f. *EIE ASBLIK nie die huis se asblik nie (en ook vuilgoed wegry/opruim skedule)*
g. *EIE BRANDBLUSSER (moet nie langer as 3 maande terug gediens wees nie)*
h. *EIE TOESLUITGERIEWE VIR GASBOTTELS.*

2. PLASING

Voorlopige plasings word gedoen soos en wanneer aansoeke ontvang word, maar Jakaranda Liggiefees hou die reg voor om enige stalletjie in belang van die fees te verskuif. Suksesvolle aansoekers sal vanaf **8 September Jaarliks** in kennis gestel word. Geen stalletjie word toegelaat om sonder toestemming van plek te verwissel of met ander stalletjies uit te ruil nie.

3. EVALUASIE

Aansoeke moet van foto's en/of 'n volledige produkbeskrywing vergesel word. Daarsonder sal aansoeke nie oorweeg word nie.
Die komitee sal voorkeur verleen aan Kerke, instansies en gemeentes wat deur die jaar by die Jakaranda en Louis Botha Kinderhuise betrokke is, handvervaardigde produkte wat kreatiwiteit en oorspronklikheid toon sal ook voorkeur geniet.
Die beslissing van die komitee is finaal en geen korrespondensie sal daaroor gevoer word nie.

Alle Stalletjies moet aan die plaaslike munisipaliteit se brand- en gesondheids-regulasies voldoen. Die dokument moet by die aansoek aangeheg word en ook by die feeskantoor (VOC) beskikbaar wees. Stalletjies moet hulle eie brand-blussers EN ASBLIKKE voorsien en voorsiening maak vir verkoelings-toerusting vir bederfbare produkte. Stalletjie word beperk tot die spesifieke produkte en dienste wat aan hulle toegestaan en vorraf goedgekeur is.

4. BETALING 2016

'n Bedrag van **R12 000.00** per stalletjie/staanplek vir die volle tydperk van die fees word gehef. Suksesvolle aansoekers wat nie reeds betaal het nie **moet** voor of op **1 November Jaarliks** die verskuldigde bedrag in Jakaranda Kinderhuis se bankrekening inbetaal. Indien jy ná keuring kanselleer, word 'n kansellasiefooi van 10 % teruggehou. Indien jy ná **20 November Jaarliks** kanselleer, word alle gelde verbeur. **Meld asb. LIGGIEFEES en stalletjienaam op die deposito as verwysing en epos betalings bewys aan liggiefees@jacarandachildren.co.za . 'n Teruggestuurde tjek- betaling beteken outomatiese kansellasie van jou stalletjie en aansoek.**

Name: Jakaranda Children`s Home
Bank: ABSA Cheque Account
Branch: Derdepoort
Code: 632005
Acc no: 143 014 0724
Ref: Liggiefees + Stalletjienaam

5. HANDELSURE

Die fees open op 1 Desember om 17:00.
Vanaf **1 Desember tot 31 Desember** word die stalletjies bedryf vanaf **18:00 tot 22:00** elke dag. **24 en 25 Desember** is vrywillig (met kennis) en kan u oopmaak indien u sou wou, alle ander datums is verpligtend. Stalletjies mag handel dryf tot die feesterrein sluit om 22:00 maar mag **onder geen omstandighede** voor **21:00** saans sluit nie. Uitstallers kan daagliks vanaf **15:00** stalletjies begin voorberei.

Alle voertuie moet voor 17:00 (en 16:00 op opening konsert aande) van die terrein verwyder word en op die geallokeerde stalletjie parkeerplekke gelaat word. Voertuie mag slegs na **22:15** daagliks by die terrein inry om toerusting te verwyder.

6. SIGBARE LOGO'S

Die gebruik van Jakaranda & Louis Botha Kinderhuis of die Jakaranda Liggiefees se logo of naam op produkte is streng verbode sonder die goedkeuring van die Jakaranda Liggiefees projekbestuurder. Aansoeke in die verband kan direk aan die Jakaranda Liggiefees projeksbestuurder gerig word by liggiefees@jacarandachildren.co.za. **'n Duidelike banier wat aandui watter instansie, huis of kinderhuis u verteenwoordig moet opgerig word bo aan u stalletjie om verwarring uit te skakel, 3m x 800mm**

7. SEKURITEIT

Jakaranda Liggiefees verskaf voltydse sekuriteit by die hoofhek, maar kan nie aanspreeklikheid aanvaar vir enige verliese of skade nie. 'n Persoonlike wag vir u stalletjie kan met die amptelike Liggiefees sekuriteitsdiens gereël word vir u eie rekening. (Besonderhede beskikbaar op versoek)

8. VERBLYF

Uitstallers is verantwoordelik vir hul eie reis- en verblyfreëlings. **Geen persone word toegelaat om op die terrein te oornag nie.** Behalwe personeel van die Jakaranda Kinderhuis wat inwoning as deel van hulle aantelling geniet. **ENIGE ANDER REELING IN DIE VERBAND MOET OP SKRIF GEREEL WORD MET DIE FEES ORGANISEERDER.**

9. ALGEMEEN

- Geen troeteldiere word by stalletjies/staanplekke toegelaat nie.
- Uitstallers is verantwoordelik vir die netheid van hul stalletjies.
- Jakaranda Liggiefees behou die reg voor om stalletjie-houers te skors vir enige wangedrag, bv. geen harde musiek wat steurend kan wees word toegelaat nie.
- **Geen onderverhuring van stalletjies of gedeeltes van stalletjies word toegelaat nie!**
- Alle stalletjies word van 'n 15 amp kragpunt voorsien. **Indien u die kragtoevoer oorlaai of misbruik SAL HIERDIE KRAGPUNT GESLUIT WORD EN U SAL SLEGS VAN 'N LIG VOORSIEN WORD ALLE Elektriese toestelle wat gekoppel word aan die krag MOET vooraf goedgekeur word**
- **LW: Geen 3-fase kragpunte word voorsien nie. Kosstalletjies moet van gas gebruik maak vir gaarmaakdoeleindes! Ander toestelle moet van kragopwekkers gebruik maak. Hierdie punt is NIE ONDERHANDELBAAR NIE.**
- Uitstallers is verantwoordelik daarvoor om hulle eie **krag-verlengingskoorde Tafels, stoele en ander uitstaltoerusting te verskaf,** Jakaranda Liggiefees kan geen toerusting voorsien nie.
- Jakaranda Liggiefees aanvaar nie verantwoordelikheid vir produk(te) wat nie verkoop nie.
- Alle kos stalletjies moet asb voorsiening maak vir 'n mikrogolfoond as die publiek vra vir warmaak van kos.
- Indien u belangstel om u stalletjie veld toe te skuif vir konserte moet u asb adisioneel hiervoor aansoek doen en 'n fooi van **R350** per dag per stalletjie sal gehef word, vir

skoonmaakdienste die volgende oggend.

- U aansoek moet ook aandui dat u stalletjie **ELKE** aand beskikbaar sal wees en nie party aande gesluit sal wees nie met uitondering van **24 en 25 Desember (in oorleg met organiseerders)**

- **Stalletjie eienaars en personeel moet hul eie stalletjies skoonmaak daagliks, eie asblikke uitgooi, en die algemene omgewing in en om die stalletjie skoon en netjies hou op 'n daaglikse basis. (NIE ONDERHANDELBAAR) Stalletjie eienaars MOET ook 'n asblik voorsien VOOR u stalletjie vir die publiek.**

10. GROOTTE VAN STALLETJIES

Stalletjies wissel van grootte (beskikbaar op aanvraag) en word van geen raamwerk voorsien nie. Sommige stalletjies bestaan uit dubbel parkering en sommige stalletjies bestaan uit enkel parkerings. Stalletjies is geleë by die huidige motor afdakke aan die noorde kant van die kinderhuis. Stalletjies mag slegs handel dryf in die aangewysde areas onder die afdakke en langs die konsert veld. Waentjies, verkoeling toerusting en kaste moet deel van stalletjies wees of verwyder word elke aand.

11. TOEGANG BY KLEIN HEKKIE

Stalletjie eienaars sal van een (1) sleutel vir die klein hekkie voorsien word, en sal weer na afloop van die fees ingeneem word deur die fees organiseerder. Kleinhekkie moet ten alle tye gesluit bly en slegs stalletjie personeel mag daar in en uit beweeg. Indien die fees organiseerders op enige stadium sou agterkom dat die klein hekkie toegang misbruik word sal die voorreg van u ontneem word.

Stalletjie einaars moet asb aandui hoeveel mense per aand by hul stalletjies sal diens doen en ook verkieslik erkenbare klere of kentekens dra om sodoende te verhoed dat die publiek by die klein hekkie ingelaat sal word.

Hiermee aanvaar ek die bogenoemde ooreenkoms soos uiteengesit.

_____ _____

Stalletjie Eienaar Fees Organiseerder

_____

Datum

ONTHOU: DIE VOLGENDE MOET HIERDIE OOREENKOMS VERGESEL

1. Volledige besonderhede van Stalletjie eienaar en of verantwoordelike persoon.
2. Tshwane Gesondheid en Veiligheid sertifikaat.
3. Brandblusser Besonderhede en diens sertifikaat.
4. Bevestiging van eie Toerusting en asblik.
5. Onderneming om elke dag eie stalletjie skoon te maak en asblik leeg te maak.
6. **Spyskaart met pryse**
7. Produktelys met pryse.